



'n Teologies-etiese beoordeling van werkloosheid

E.J. de Beer
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: edmunddebeer@lantic.net

Abstract

A theological-ethical judgment of unemployment

One of the biggest labour problems in South Africa is unemployment. In this article unemployment is studied in the light of Biblical utterances on labour. The aim of this study is to give guidance from the Bible to role players on how their disposition should be concerning unemployment. In the article the extent of unemployment is investigated. This is followed by probing into different factors influencing unemployment since 1994. After that Biblical principles relevant to the topic are outlined. Finally unemployment in South Africa is judged according to Biblical principles. In the assessment guidance is given as to what the disposition of different role players should be concerning unemployment.

Opsomming

'n Teologies-etiese beoordeling van werkloosheid

Werkloosheid is een van die grootste probleme wat tans op die Suid-Afrikaanse arbeidstoneel ondervind word. In hierdie artikel word dié probleem in die lig van Bybelse uitsprake oor arbeid ondersoek. Die doel van die studie is om aan rolspelers vanuit die Bybel leiding te gee oor hoe hulle ingesteldheid teenoor die werkloosheidsprobleem behoort te wees. In die artikel word die omvang van werkloosheid in Suid-Afrika ondersoek. Daarna kom die faktore wat werkloosheid sedert 1994 beïnvloed het, onder die soeklig. Dit word gevolg deur 'n bestudering van tersaaklike Bybelse uitsprake oor arbeid. Ten slotte word die Suid-Afrikaanse werkloosheidsprobleem beoordeel in die lig van die Bybelse uitsprake oor arbeid. In die beoordeling word ook lei-

ding gegee oor hoe verskillende rolspelers op die arbeidsterrein se ingesteldheid teenoor werkloosheid behoort te wees.

1. Inleiding

Vanaf 1994 tot 2004 het werkloosheid in Suid-Afrika sodanig toegeneem dat twee uit elke vyf persone in die ekonomies-aktiewe bevolking van die land werkloos is. Hoe behoort Christene se ingesteldheid teenoor hierdie omvangryke probleem te wees?

In hierdie artikel word die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika ondersoek. Die omvang, oorsake en gevolge van werkloosheid word kortliks gestel, asook pogings wat aangewend word om werkloosheid te bekamp. Daarna word Bybelse beginsels wat betrekking op werkloosheid het, gestel. Werkloosheid in Suid-Afrika word aan die hand van die gestelde beginsels beoordeel. In die beoordeling word ook aangedui wat die ingesteldheid van die verskillende rolspelers teenoor werkloosheid behoort te wees.

2. Oriëntering

Arbeid kan gedefinieer word as die moeite of die inspanning van liggaamlike en/of geestelike kragte om iets te verrig (HAT, 1985:53), terwyl *werk* gedefinieer word as liggaamlike of geestelike inspanning wat daarop gerig is om iets te doen of iets te maak (HAT, 1985:1357). In hierdie artikel word arbeid en werk as sinonieme gebruik.

Onder bogenoemde definisies kan verskillende soorte arbeid verstaan word, byvoorbeeld die arbeid wat op materiële oorlewing gerig is, arbeid wat daarop gerig is om verhoudings tussen mense op te bou (kommunikatiewe arbeid) en nadenkende arbeid waardeur gesoek word na waarheid en sin (Van Dijk, 1985:28, 143, 144). In hierdie artikel kom die gebrek aan eersgenoemde soort arbeid onder die soeklig. Dit beteken egter nie dat ander soorte arbeid minder belangrik is nie.

Arbeid wat gerig is op die mens se materiële oorlewing kan noukeuriger omskryf word as daardie menslike aktiwiteit wat verrig word met die oog op lewensonderhoud, maar op so 'n wyse dat dit diens aan God en die naaste asook selfontplooiing en natuurbeheersing insluit (Koning, 1986:58; Van Wyk, 1996:155, 156). Volgens hierdie definisies sluit werk sekere aktiwiteite in wat gerig is op lewensonderhoud, maar waarvoor daar nie geldelike vergoeding plaasvind nie, byvoorbeeld die huishoudelike arbeid van veral die vrou in die gesin.

In hierdie artikel word gekonsentreer op die tekort aan werksgeleenthede waar werkers finansiële vir hulle arbeid vergoed word (werkloosheid). Anders as in pre-industriële bestaans-ekonomieë, speel arbeid wat geldelik vergoed word 'n deurslaggewende rol in ontwikkelende en ontwikkelde ekonomieë. In sulke samelewings oorleef huishoudings moeilik waar een of meer lede nie werk verrig met die oog daarop om geld te verdien nie.

3. Omvang van werkloosheid

By die vasstelling van die omvang van werkloosheid is dit belangrik om daarop te let dat twee definisies gebruik word om 'n werklose te definieer. Volgens die amptelike definisie is werkloses mense binne die ekonomies-aktiewe bevolking wat nie gewerk het in die sewe dae voordat hulle aan die opname deelgeneem het nie, wat wíl werk en binne twee weke kan begin werk en wat aktief werk gesoek het in die vier weke voordat met hulle 'n onderhoud gevoer is. Daar word soms ook gebruik gemaak van 'n uitgebreide definisie vir werkloosheid. Die uitgebreide definisie stel nie as voorwaarde dat die werkloses aktief werk gesoek het in die vier weke voordat 'n onderhoud met hulle gevoer is nie. Die uitgebreide definisie sluit dus werklose mense in wat as "moedelose werksoekers" beskryf kan word (Lehohla, 2005).

In 1995 was die werkloosheidskoers volgens die amptelike definisie 16,9% (Lestrade-Jeffris, 1999). In Februarie 2001 was die werkloosheidskoers volgens die amptelike werkloosheidsdefinisie 26,4% en teen Maart 2003 was dit 31,2% (Qoza, 2003:2; SSA, 2003). Op grond van die uitgebreide werkloosheidsdefinisie, was die koers 37% in 2001 (Erasmus, 2001:1) en 40% in 2003 (Van der Westhuizen, 2003:10).

Vanaf September 2001 is al hoe meer nuwe werksgeleenthede geskep. In die tydperk September 2001 tot September 2006 het 1,6 miljoen nuwe werksgeleenthede ontstaan. Daarvan was een miljoen in die laaste twee jaar van die genoemde tydperk (SSA, 2007:iii). Hierdie nuwe werksgeleenthede het daartoe bygedra dat die amptelike werkloosheidskoers afgeneem het, sodat dit in September 2006 op 25,5% gestaan het (SSA, 2007:iv). Hoewel dié syfer 'n marginale daling in werkloosheid aandui, moet in gedagte gehou word dat die beskikbaarheid van méér werksgeleenthede die ontmoedigde werkers (wat nie by die amptelike definisie van werkloosheid ingereken word nie) aangespoor het om te begin werk soek en hulle daarom, volgens die amptelike definisie, nou as werkloos beskou word (De Lange, 2007:1).

Ten spyte daarvan dat meer werkseleenthede beskikbaar is, blyk dit dat 63% Suid-Afrikaners aan die begin van 2006 gemeen het dat werkloosheid die belangrikste probleem is waaraan die regering aandag moet gee. Werkloosheid is vir meer mense 'n probleem as behuising (28%), armoede (27%), MIV en VIGS (25%), misdaad (23%), korrupsie (18%), opvoeding (12%) gesondheidsdienste (10%) of elektrisiteitsvoorsiening (8%) (Afrobarometer, 2006).

4. Oorsake van werkloosheid

Werkloosheid was lank voor 1994 reeds 'n probleem. 'n Wye verskeidenheid faktore was daarvoor verantwoordelik. Suid-Afrika is vanaf die negentiende eeu stelselmatig besig om oor te skakel van 'n ekonomie wat gebaseer is op bestaansboerdery na 'n kapitalistiese ekonomie. Omdat die proses nog nie afgehandel is nie, dra dit by tot werkloosheid (De Beer, 2006:313, 314).

Nóú verwant aan bogenoemde is die hoë getal ongeletterde en laaggeskoolde werkers in Suid-Afrika. Uit die sensus van 2001 blyk dat 22,6% van die Afrikane ouer as twintig geen skoolonderrig ontvang het nie. 'n Verdere 25,8% het hoogstens Graad 7 geslaag. Daarteenoor het slegs 0,014% blankes in dieselfde ouderdomsgroep geen skoolonderrig ontvang nie en 0,02% hoogstens Graad 7 geslaag (SSA, 2006a).

In die tydperk voor 1994 het apartheid asook diskriminerende wette en maatreëls bygedra tot ongelykhede tussen werkers van verskillende rasse in indiensneming, beroepe en inkomste. Blanke werkers is deur werkreservering en wetgewing wat swart werkers tot sekere gebiede ingeperk het, bevoordeel (De Beer, 2006:310, 313-314). Stakings (Crush *et al.*, 1991:27), meganisering, outomatisering, rekenarisering (Nattrass, 1977:422), droogtes (Pottinger, 1988:275), privatisering (Nkosi, 1991:108, 113), verbruikersboikotte (Pottinger, 1988:190), disinvestering (Marais, 1990:158) en die internasionale resessie in die begin van die negentigerjare (De Klerk, 1999:245) het tot werkloosheid vóór 1994 bygedra.

Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat die werkloosheidsyfer sedert 1994 byna verdubbel het. Van die belangrikste faktore is die volgende:

- Daar vind wêreldwyd 'n afname in werkseleenthede plaas. Sedert 1965 het verskuiwings in die arbeidsmark plaasgevind. Werkseleenthede vir professionele mense en diegene in bestuursposisies het meer geword, terwyl die getal werkseleent-

hede vir klerklike, verkoops-, diens-, halfgeskoolde en ongeskoolde werkers verminder het. Hierdie verskuiwing het die Suid-Afrikaanse arbeidsmark swaar getref, omdat daar 'n wanbalans in die getal geskoolde werkers teenoor ongeskoolde werkers is. Van die ekonomies-aktiewe Suid-Afrikaners het 71% nie hulle skoolopleiding voltooi nie (Friis, 2000:11). Van diegene wat wel hulle skoolopleiding voltooi het, het 8,8% van die Afrikane en 28,8% van die blankes ouer as twintig verdere naskoolse kwalifikasies (sertifikate en diplomas ingesluit) verwerf (SSA, 2006a). Intussen is daar tot soveel as 500 000 werksgeleenthede vir hooggeskoolde werkers (Hlangani, 2002a:5).

- Die tekort aan goed-opgeleide en bedrewe werkers is tans die faktor wat die meeste frustrasie onder sakelui veroorsaak (CDE, 2007:3, 5). Die tekort aan vaardighede word vererger deur die regering se beleid van gelyke indiensneming, omdat die meeste vaardige werkers (blankes) nie vrylik in diens geneem mag word nie. Dit, tesaam met die algemene tekort aan vaardighede, het 'n negatiewe uitwerking op ekonomiese groei en werkskepping (CDE, 2007:11, 13).
- Nuwe arbeidswetgewing het 'n negatiewe uitwerking op die totstandkoming en uitbreiding van veral klein sake-ondernemings, wat die werkloosheidsprobleem vergroot. Die nuwe arbeidswetgewing maak dit vir werkgewers moeilik om werkers in diens te neem of om werkers te ontslaan. Die bedingingsmag van vakbonde om hoër vergoeding te eis en te staak, asook die addisionele moeite wat die nakoming van die wette vereis, stem werkgewers negatief om meer werknemers in diens te neem. Dit lei daartoe dat werkgewers eerder tydelike werkers in diens neem of werk uitkontraakteer (vgl. Heine, 1999:13; Mbeki, 2000; Kingdon & Knight, 2005:28).
- Produktiwiteit het in Suid-Afrika die afgelope twee dekades baie verhoog. Dit het die afgelope tien jaar tussen 30% en 100% toegeneem. Ongeveer die helfte van die verbetering in produktiwiteit is behaal deur die vermindering van werkers. Bykans 12,5% werksgeleenthede in die formele arbeidsektor het tussen 1996 en 2001 verlore geraak (Schüssler, 2001:5; De Lange, 2000). Dit is meestal die gevolg van fabriek en boere wat meganiseer en maatskappye wat rasionaliseer om op wêreldmarkte te kan meeding (Naudé, 1999:12).
- 'n Verslag van die Wêreldbank in 1997 meld dat stygings in lone gedurende die vorige eeu bydra tot die huidige werkloosheid-

syfers. Volgens die bank se berekeninge sou indiensneming ongeveer 13% hoër gewees het indien swart werkers se lone tussen 1970 en 1994 op lae vlakke gebly het (Mittner, 1997:42).

- Die buitengewoon hoë vergoedings wat sommige werknemers in hoë poste verdien, het waarskynlik ook 'n invloed op die hoeveelheid werkers wat maatskappye in diens neem. Die hoofuitvoerende beamptes van maatskappye wat op die JSE genoteer is, se vergoeding is tussen 35 en 53 keer groter as die totale vergoeding van die gemiddelde werker in hierdie maatskappye. Hulle vergoeding is gelykstaande aan die vergoeding van 60 gemiddeld-betaalde werkers wat R85 140 elk per jaar verdien (Krugel & Kruger, 2006:10, 12).
- Ná die beëindiging van apartheid in 1994 en veral sedert 1997 was daar 'n sterk verlaging in die tariewe wat op ingevoerde goedere gehef is. Die verlaging in tariewe tesame met globalisering het veroorsaak dat talle produkte ingevoer is, tot nadeel van duisende werksgeleenthede in die plaaslike vervaardigingssektor (Vavi, 2003:12).
- Vakbondbedrywighede dra ook by tot werkloosheid. 'n Onderzoek het aangetoon dat werksgeleenthede vinniger in die formele sektor verdwyn waar vakbonde sterk verteenwoordig word, terwyl werkskepping styg in die informele sektore waar arbeidswetgewing nie sterk afgedwing word nie (Mittner, 1999: 34).
- Die sterk verstewiging van die rand teenoor ander geldeenhede gedurende veral 2003 het dit vir talle Suid-Afrikaanse uitvoerders onmoontlik gemaak om op buitelandse markte mee te ding. Volgens Vavi (2003:12) het 60 000 werkers in die tweede kwartaal van 2003 hulle werk verloor. Hierdie werksverliese hou verband met die verstewiging van die rand.

5. Gevolge van werkloosheid

Werkloosheid het nie alleen 'n negatiewe sielkundige uitwerking op die persone wat daardeur geraak word nie, maar dit dra ook by tot armoede, honger en siekte. Die uitwerking van werkloosheid word duidelik wanneer in gedagte gehou word dat gemiddeld tien mense afhanklik is van elke werker in die land (Jara, 2000:12).

Nog 'n belangrike gevolg is dat werkloosheid die vergoeding afwaarts druk. Werkloosheid is die grootste onder die Afrikaanvroue. Van die werkende vroue van vyftien tot 65 jaar wat minder as R800 per maand in 2001 verdien het, het 84,4% uit hierdie groep gekom

(SSA, 2006b). As gevolg van die groot werkloosheid in hierdie groep is vroue uit hierdie groep bereid om vir lae lone te werk. Dit veroorsaak groter armoede. Om armoede te beveg, wend sommige werkers hulle tot immorele en onwettige praktyke. Prostitusie en misdaad is dikwels die gevolg van werkloosheid of 'n lae inkomste (vgl. Fick, 2005:7; Kingdon & Knight, 2005:15, 28).

6. Optrede om werkloosheid te bekamp

Verskeie pogings word deur verskillende rolspelers aangewend om die verlies van verdere werksgeleenthede te voorkom, terwyl verdere pogings ook daarop ingestel is om werksgeleenthede te skep. Onder die pogings om werkloosheid te voorkom, tel die volgende:

- Die ontstaan van verdere werkloosheid onder staatsdiensamp-tenare is probeer voorkom deur oortollige werkers so ver moontlik in ander vakante poste te plaas. Deur die herontplooiing in skole waar daar vakante poste was, het 18 000 onderwysers byvoorbeeld hulle werk behou (Van der Westhuizen, 2000:2). 'n Verdere 25 000 oortollige staatsamp-tenare is nie summier afgedank nie, maar het die geleentheid ontvang om vir vakante poste in die staatsdiens aansoek te doen (Hlangani, 2003:6). In die privaatsektor het die Harmonymyn in 2004 besluit om 9 000 oortollige werkers herop te lei en te verplaas, eerder as om hulle af te dank (Kok, 2004:1).
- Nuwe arbeidswetgewing wat sedert 1994 aangeneem is, het swart werkers die geleentheid gebied om werksgeleenthede te bekom wat hulle andersins nie sou gekry het nie (vgl. Groenewald, 2007:2; Misbach, 2002:4; Anon., 2003). Aan die ander kant het die toepassing van regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging in sommige gevalle tot diskriminasie teen blanke werknemers asook werksverliese onder hulle gelei (vgl. Mabasa, 2002:2; De Lange, 2003a:8; Stuart & Maluleke, 2003:1).
- Vakbonde wend ook pogings aan om werksverliese te voorkom. Vakbonde soos die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) het stakings en optogte gereël om beswaar te maak teen werksverlies, wat tot groter werkloosheid lei (Anon., 2005; Hlangani, 2000a:1).
- In sommige dele van die privaatsektor word geld beskikbaar gestel vir vaardigheidsontwikkeling van afgedankte werkers. 'n Mynmaatskappy het byvoorbeeld R50 miljoen vir dié doel bewillig (De Lange, 2003b:2).

Die volgende pogings word deur verskillende belanghebbendes aangewend, om groter werkloosheid te bekamp:

- Die Job Creation Trust Fund is onder leiding van vakbonde deur werkers in die lewe geroep, met die doelwit om R100 miljoen vir die bekamping van werkloosheid bymekaar te maak (Hlangani, 2000b:5). Die Mynwerkersunie het op hulle beurt in 1999 planne aangekondig om binne tien jaar sowat 100 000 werksgeleenthede te skep (De Lange, 1999:1).
- Groot klerewinkelgroepe het onderneem om, waar moontlik, Suid-Afrikaans-vervaardigde klere te verkoop, in plaas van ingevoerde klere (Vavi, 2003:12).
- Die staat wend verskeie pogings aan om werksgeleenthede te skep, wat die volgende insluit:
 - In 1996 het die regering die Growth, Employment and Redistribution (GEAR) strategie aangekondig, wat as hoofdoelwit werkskepping gehad het (Manuel, 1996; vgl. Schoombee, 1998:22).
 - In 1998 is 'n Werkskeppingsberaad gereël om werkloosheid, onderindiensneming en werkverlies te bespreek.
 - Verskeie projekte is geloods waarby die regering, privaatsektor en plaaslike gemeenskappe betrokke was.
 - 'n Reeks projekte is geloods om werk aan gestremdes te verskaf asook aan veral vroue en jongmense in landelike gebiede (Mdladlana, 2000:11).

Die regering poog ook om werkskepping te bevorder, deur behuisingsprojekte, toerisme, kleinsake-ontwikkeling, die Sosiale Plan, opleiding van werklooses, verbetering van onderwys, bestaansbeveiliging, plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe en die verbetering van doeane en aksyns (Mdladlana, 2000:11).

Die regering het ook reeds inisiatiewe geneem om werkers se vaardighede te ontwikkel, sodat hulle toegerus kan word om beter werksgeleenthede te benut of om self werksgeleenthede te skep. Vir hierdie doel is R1 miljard uit die Umsombomvu Fonds vir vaardighedsontwikkeling onder jeugdiges beskikbaar gestel (Mdladlana, 2000:11). Die Wet op Vaardighedsontwikkeling (97/1998) (South Africa, 1998) is aangeneem met die doel om werkgewers aan te moedig om hulle werkers verdere vaardighede aan te leer (South

Africa, 1998). Sektorale opleidingsowerhede (Setas) is ingestel om werkers op te lei en vaardighede te verbeter. Vanaf 2004 is R12 miljard aan sektorale opleidingsowerhede beskikbaar gestel om werkers op te lei. In 2007 is ongeveer 20 000 ambagslui vir opleiding geregistreer (Azzakani, 2007:4; Leuvennink, 2007:4).

Deur die hersiening van immigrasiewetgewing en immigrasieprosedures hoop die regering om kundige persone na die land te lok. Dit sal bydra tot die skep van nuwe werksgeleenthede (Mbeki, 2001).

In 2004 is die Accelerated and shared growth – South Africa (ASGISA)-program aangekondig. Die regering wil met hierdie program werkloosheid teen 2014 halveer. Hulle beoog om dit te doen deur die grootskaalse belegging in infrastruktuur, die aanmoediging van arbeidsintensiewe projekte in die privaatsektor (bv. in toerisme en die bio-brandstofbedryf) en die ontwikkeling van kleinsake-ondernemings (Mlambo-Ngcuka, 2006). Die bio-brandstofbedryf kan tot 350 000 nuwe werksgeleenthede skep (Anon., 2006).

In 2006 het die minister van finansies aangekondig dat die regering 'n miljoen werksgeleenthede vir arm en ongeskoolde Suid-Afrikanners wil skep. Die regering wil openbare werke se uitgebreide program as hoofinstrument daarvoor gebruik. Die meeste werksgeleenthede sal in infrastruktuurprojekte geskep word (Smith, 2006).

Staatsondernemings in vennootskap met die privaatsektor wil vanaf 2006 tot 2009 minstens R372 miljard bestee in die voorsiening van infrastruktuur (Leuvennink, 2006:14). Die privaatsektor probeer ook om nuwe werksgeleenthede te skep. In 2002 het die georganiseerde sakesektor met 'n plan na vore gekom om 1,1 miljoen nuwe werksgeleenthede te skep (Hlangani, 2002b:3). 'n Inligtingstegnologie-maatskappy het in 2007 aangekondig dat hulle reeds meer as R1 miljard aan vaardigheidsontwikkeling in Suid-Afrika belê het (Bottomley, 2007:18).

7. Bybelse perspektiewe

Ten einde bogenoemde werkloosheidsprobleem teologies te beoordeel, moet eers riglyne vir beoordeling uit die Bybel vasgestel word. In die Bybel is daar baie uitsprake oor werk en die belangrikheid daarvan. Hierdie uitsprake behoort in ag geneem te word wanneer werkloosheid vanuit 'n Christelike perspektief beoordeel word.

7.1 Die mens se skepping

God het die mens na sy beeld geskep (Gen. 1:26). God het die mens so geskep dat arbeid een van die mens se eienskappe is waardeur hy God se beeld vertoon (Schoorman, 2001:48-49; Van Wyk, 1988:45). Omdat die mens na die beeld van die kreatiewe God geskape is, het hy ook die behoefte om homself in die werk van sy hande uit te druk (Goudzwaard, 1993:111). Dit is egter nie net 'n behoefte nie, die mens staan ook onder 'n verpligting om hierdie beeld in en deur sy arbeid te vertoon (Marshall, 1991:12).

Nóú verwant aan die mens wat na die beeld van God geskape is, is God se doelwitte met die mens. Een van die doelwitte is dat die mens moet heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en die diere wat op die aarde kruip (Gen. 1:26). Ooreenkomstig hierdie doelwit het God aan die mens die opdrag gegee om die aarde te onderwerp en daarvoor te heers.

God se doel om die mens as werkende wese te skep, is nie 'n doel op sigself nie. Die mens is as werkende wese geskep om homself uit die aarde waaruit hy geskep is, te onderhou. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die mens (אָדָם) en die aarde (אֶרֶץ) waaruit hy gemaak is (Agrell, 1976:9). Die mens is afhanklik van die aarde waaruit hy gemaak is om te kan leef, maar die aarde voorsien nie sonder meer in die mens se lewensbehoefte nie (Westermann, 1984:187). Deur die gehoorsame uitvoering van die arbeidsopdrag voorsien die mens in sy lewensbehoefte.

Die mens het 'n reg om te werk, omdat God hom beveel om dit te doen, en ook omdat die mens na God se beeld geskep is en Hy sy asem in die mens geblaas het (Gen. 2:7). Die mens kan hierdie lewe alleen in stand hou deur die vrug van sy werk.

7.2 Arbeid as diens aan God

Vanuit 'n Christelike beskouing kan die diepste motief en omvattendste doelstelling van arbeid as *diens* aangedui word (Heyns, 1986:255). Om God deur arbeid te dien, is inherent aan menswees. Aan die begin was daar geen skeiding of onderskeiding tussen diens aan God en die opdrag om die tuin te bewoon, te bewerk en te bewaar nie. In die bewoning, bewerking en bewaring van die tuin is God gedien. Hierdie diens aan God word deur Christelike skrywers oor arbeid as een van die belangrikste dimensies van arbeid aangedui (Agrell, 1976:14; Antonides, 1989:8; Velema, 1980:5).

Diegene wat in verbondenheid aan God Hom deur hulle arbeid dien, ontvang arbeid as 'n seën uit sy hand. So 'n persoon ontvang die vrug van arbeid as 'n seën, maar die arbeid is self ook 'n seën, omdat dit 'n mens bewaar teen sonde (Bienert, 1956:75). Arbeid verskaf ook vreugde ten spyte van moeilike omstandighede. Die gelowige wat sy arbeid tot God se eer verrig, kan ten spyte van swaarkry steeds sy werk met vreugde doen, omdat hy sy werk as 'n roeping van God sien (Bienert, 1956:207).

7.3 Werk gerig op die naaste

Die arbeidsopdrag is gesamentlik aan die man en die vrou gegee (Gen. 1:28). Dit impliseer geen werksreservering van die een geslag teenoor die ander nie (Heyns, 1986:276). Vanweë die verskil in geslagte is daar 'n noodwendige verskil in werksaamhede. Vroue bring kinders in die wêreld en is veral in die beginjare ten nouste by hulle kinders betrokke; mans is fisies sterker en is noodwendig meer betrokke by werk wat fisiese arbeid vereis (vgl. Bienert, 1956:118). Die lied van Spreuke 31:10-31 bevestig dat daar in beginsel geen werksreservering van die een geslag teenoor die ander is nie. In hierdie lied word die ideale vrou beskryf as iemand wat nie alleen haar gesin goed versorg nie, maar wat ook grond koop en dit bewerk, behoefdiges help en handel dryf – aktiwiteite wat ook deur mans verrig is. In beginsel kan vroue dieselfde werk as mans verrig.

In die gesamentlike opdrag wat aan die man en vrou gegee is, is die fondament vir arbeid wat op die naaste gerig is, geleë. Deur saam te werk, dien die mens mekaar en is hy in staat om die opdrag van Genesis 1:28 na te kom, naamlik: “Wees vrugbaar, word baie ...”. Die mensdom kan net meer word wanneer ouers die vrug van hulle arbeid met hulle afhanklike kinders deel (vgl. Leo XIII, 1891: par. 19, 20). Ouers kan hulle kinders 'n behoorlike opvoeding gee wanneer hulle werk en dus in staat is om hulself en hulle kinders te onderhou.

Die naastegerigtheid van arbeid strek wyer as die familie. Die mens is deel van 'n samelewing. Die samelewing is van elke werker afhanklik. Sekere funksies kan net verrig word met behulp van die vrug van elke werker se arbeid. Die staat is byvoorbeeld van werkers afhanklik vir belasting, wat aangewend word vir onder meer welsynsdienste. Die kerk is ook van werkers afhanklik vir die verkondiging van die evangelie en die versorging van armes (Stoker, 1972:45, 46; Van Wyk, 1996:164).

7.4 Werk en ontwikkeling

Die mens werk nie net om in sy daaglikse brood te voorsien nie. God se opdrag aan die mens om die aarde te bewerk en daarvoor te heers (Gen. 1:28; 2:15), impliseer dat die aarde se hulpbronne ontdek kan word en dat die mens dit tot sy voordeel kan gebruik. Die gehoorsame uitvoer van die arbeidsopdrag lei tot ekonomiese en kulturele ontwikkeling (Johannes Paulus II, 1981: par. 14). Hierdie ontwikkeling word moontlik gemaak, omdat God nie alle mense dieselfde geskape het nie, maar aan elkeen sy eie eienskappe, talente, vermoëns en belangstellings gegee het. Werkers behoort hulle talente en vermoëns verder te ontwikkel (Antonides, 1989:9).

Die mens se intellek, sy heerskappy oor die aarde en die ontdekking en gebruik van hulpbronne lei tot tegnologiese uitvindings en die ontwikkeling van masjiene. Gesofistikeerde masjiene vergemaklik die mens se werk. Dit verhoog sy produksievermoë en verbeter die gehalte van sy werk. Die gehoorsame ontwikkeling en gebruik van 'n mens se vermoëns en vaardighede op die werksterrein het ongelukkig nie net positiewe gevolge nie. Dit ontwikkeling van tegnologie (in gehoorsame nakoming van die arbeidsopdrag) beroof die werker dikwels van werksbevrediging, kreatiwiteit, verantwoordelikheid en selfs van 'n werksgeleentheid (Johannes Paulus II, 1981: par. 19).

7.5 Die mens as gemeenskapswese

God het nie alle mense gelyk gemaak nie: mense verskil in vaardighede, geslag, aanleg en die mag wat elkeen het. Hierdie verskille dryf mense egter nie uit mekaar nie, maar bring hulle juis nader aan mekaar sodat hulle as 'n gemeenskap kan saamleef en daar 'n wisseling van geestelike, materiële en kulturele goedere kan plaasvind (Goudzwaard, 1980:9). In hierdie opsig speel arbeid 'n besondere rol, want dit is juis op die arbeidsterrein wat mense gemeenskaplik met mekaar verkeer. Terwyl 'n werker vir homself werk, voorsien hy met sy arbeid ook in die behoeftes van ander (Haselbarth, 1976: 133). Sodoende komplementeer werkers mekaar met hulle arbeid (Marshall, 1991:5). Die gemeenskaplike werk wat mense in afhanklikheid van mekaar verrig, bring 'n band tussen hulle tot stand (De Quervain, 1956:29).

Die onderlinge band wat tussen werkers tot stand kom, is nie alleen die gevolg van hulle onderlinge afhanklikheid van mekaar nie, maar is ook as gevolg van die mens se skepping as gemeenskapswese. Daarom word arbeid nie net tot diens van die naaste verrig nie, maar ook om sáám met die naaste te kan dien (Koning, 1986:62).

Wanneer mense mekaar saam dien, is arbeid 'n samebindende en verrykende faktor tussen mense. So bied arbeid die geleentheid aan mense om hulself en mekaar te vind (Bienert, 1956:62). Dit skep ook menswaardigheid by die werker om 'n plek te beklee in die gemeenskap waarin hy betrokke is (Goudzwaard & De Lange, 1995:35).

Van Wyk (1983:72, 80) wys daarop dat arbeid 'n kommunikasiemedium is. Deur arbeid word mense sodanig aan mekaar gebind, dat hulle vir mekaar iets sê. Werk gee aan hulle die geleentheid om hulself uit te druk en ook vervulling te bereik.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat arbeid om meer gaan as om bloot die mens se fisiese behoeftes te bevredig. Dit is ook belangrik vir die sosiale lewe van die mens, omdat die gemeenskaplikheid van die mens in arbeid na vore kom (Rendtorff, 1981:27).

7.6 Sondeval

Die sondeval het nie die arbeidsopdrag opgehef nie. Die oorspronklike opdrag is ná die sondeval en ook ná die sondvloed (Gen. 9:1-3, 7) herhaal. Hoewel die sondeval (Gen. 3:1-7) nie op die arbeidsterrein plaasgevind het nie, het dit wel 'n geweldige uitwerking op werk. Verwydering tussen God en mens, mense onderling en die mens en die aarde (sy werkplek) het ontstaan (Marshall, 1995:899). Die sondeval het nie 'n eenmalige uitwerking gehad nie. Die mens het sondaar geword en is steeds sondaar, ook op die arbeidsterrein (Norval, 1966:120).

Omdat die mens se werksterrein vervloek is (Gen. 3:17), kan die mens slegs met swaarkry daaruit 'n bestaan maak. Die swaarkry neem verskillende vorms aan, waarvan werkloosheid een is (Antonides, 1989:8). As gevolg van die sondeval gebeur dit dat daar werkers is wat wel aan die Bybelse arbeidsopdrag gehoorsaam wil wees, maar nie die geleentheid ontvang om te werk nie. Werkloosheid is die gevolg van fluktuierende ekonomiese omstandighede, 'n snel groeiende bevolking, veranderende werkstrukture waar vorige opleiding nie pas nie, meganisering, outomatisering en globalisasie (Van Wyk, 1988:136). Werkloosheid is kenmerkend aan 'n arbeidsomgewing wat wegbeweeg van 'n bestaansekonomie na 'n ekonomie waar beroepsdiversifisering en spesialisasie plaasvind.

In 'n hoogs-geïndustrialiseerde samelewing word werkers se verantwoordelikheid dikwels afgewater tot funksionele verantwoordelikheid. "Verantwoordelike werkers" is werkers wat bloot hulle taakom-

skrywing uitvoer, sonder dat hulle die geleentheid kry om byvoorbeeld vrae te stel oor die sin van hulle werk (Van Dijk, 1985:165).

Waar hoë werkloosheid bestaan, word werkers dikwels gedwing om ter wille van oorlewing werk te verrig wat hulle nie die geleentheid bied om hulle godgegewe aanleg en vermoëns na behore uit te oefen nie. Werkloosheid kan ook veroorsaak dat mense geld verdien uit immorele en onwettige praktyke, byvoorbeeld prostitusie en misdaad.

Die werklose word van een van die belangrikste geleenthede om God in die wêreld te dien, beroof (Volf, 1987:417). Werkloosheid raak egter veel meer as net die werker se diens aan God. Omdat werklose mense nie die geleentheid het om te werk en geld te verdien nie, ontvang hulle ook geen vrug op hulle arbeid nie – daarom gaan werkloosheid en armoede hand aan hand. Dit het ook 'n vernietigende uitwerking op menswaardigheid en menswees (Wilson, 1991:17) en veroorsaak omvangryke lyding. Werklose mense ly fisies as gevolg van ongebalanseerde diëte en 'n gebrek aan geskikte behuising en mediese sorg. Dit veroorsaak psigologiese lyding, omdat werkloses 'n gebrek aan selfstandigheid, geleentheid, hoop en 'n afbreek van selfvertroue en eiewaarde ondervind. Werkloosheid laat mense sosiaal ly, omdat daar spanning in die familie en gemeenskapslewe is. Dit het 'n negatiewe uitwerking op opvoeding en onderrig. Daar kan bygevoeg word dat jongmense sonder werk sukkel om volwasse te raak, terwyl vroue depressief, beangs en sensitief raak wanneer hulle mans hul werk verloor het (Nürnberg, 1991:32-34).

Werkloosheid lei tot 'n wanfunksionering in die gemeenskap. Werkloses word oorgelewer aan ledigheid en word die geleentheid ontnem om 'n bydrae tot die algemene welvaart van die gemeenskap te lewer (Volf, 1987:427). Hulle kan nie beheer neem oor hulle eie lewens nie en word beskou (en beskou hulself ook so) as “passasiers” wat geen bydrae lewer nie (Heyns, 1986:256). Hulle kan hulp ontvang, maar kan niks in ruil daarvoor gee nie. Die hulpverskaffers kry ook niks in ruil vir die hulp wat hulle gee nie. Dit lei tot verwronge verhoudings (Nürnberg, 1991:33). Die gevolg is dat werkloses voel dat hulle deur die samelewing verwerp word (Van Wyk, 1988:39) en hulle verloor hul lewensin (Thielicke, 1955:416, 417).

7.7 Ou-Testamentiese bekamping van werkloosheid

Een van die grondliggende kenmerke van die Ou-Testamentiese wetgewing wat betrekking het op arbeid, is die bekamping van werkloosheid. Elke Israeliet het die geleentheid ontvang om te werk. Kanaän is so verdeel dat elf van die stamme grond gehad het. Hulle kon dit bewerk en uit die opbrengs daarvan leef (Num. 32; Deut. 3:12-30; Jos. 13-19). Die toewysing is gedoen na gelang van die grootte van die families (Koole, 1964:125). Die twaalfde stam, Levi, se lede het in die tabernakel en tempel gewerk. Hulle het 'n klein grondgebied gekry (Num. 35:1-50). Hulle is verder vir hulle arbeid vergoed met die tiendes wat die ander stamme uit hulle opbrengs moes betaal (Num. 18:20-21, Deut. 26:12).

Wanneer iemand vanweë omstandighede verarm geraak het en gedwing is om sy grond te verlaat en vir iemand anders te gaan werk, het die Jubeljaarwetgewing so 'n persoon/familie in staat gestel om die grond wat hy moes verkoop, weer terug te kry (Lev. 25:13). Die erfdeel wat God aan sy volk gegee het, mag nie permanent in die hande van iemand anders oorgegaan het nie (Lev. 25:23; Num. 36:9).

Die Jubeljaar het elke vyftigste jaar plaasgevind. Dit kon gebeur dat iemand weens omstandighede kort na 'n Jubeljaar sy grond moes "verkoop", en dan vir dekades sonder grond en moontlik sonder werk sou wees. Die Ou-Testamentiese wette het ook vir so 'n gebeurlikheid voorsiening gemaak. 'n Verarmde Israeliet mag nie as slaaf verkoop word nie (Lev. 25:42). So 'n persoon moes deur 'n mede-Israeliet in diens geneem word en vir 'n maksimum van ses jaar vir die mede-Israeliet werk (Eks. 21:2; Deut. 15:1, 12). Gedurende hierdie tydperk moes hy soos 'n dagloner of bywoner behandel word (Lev. 26:40). Nadat hy sy skuld afgewerk het, moes hy vergoed word met vee, graan en wyn (Deut. 15:14). Met hierdie wetgewing het God toegesien dat elke Israeliet 'n werkseleentheid gehad het, ten spyte van teenspoed wat 'n werker kon tref. Onderliggend aan hierdie wet is die beginsel dat elke Israeliet 'n gewaarborgde geleentheid gehad het om te kan leef (Koole, 1964:125).

7.8 Geen verlossing deur arbeid nie

Om te werk, is 'n baie belangrike deel van 'n gelowige se lewe. Dit stel die mens in staat om op aarde te kan leef, maar dit is vir hom geen waarborg dat hy vir ewig sal leef nie. Die mens kan nie sy heil deur arbeid verwerf nie. Arbeid kan nie as middelaar tussen mens

en God dien nie, dit kan nie sonde uitwis of 'n nuwe skepping tot stand bring nie (Marshall, 1995:899). Die mens word slegs verlos deur in Jesus Christus te glo. Geloof self is ook geen goeie daad nie, maar 'n gawe wat God deur sy Gees gee (Ef. 2:8). Aangesien die mens se heil nie van sy arbeid afhang nie, kan dit sonder angs of spanning verrig word (Bienert, 1956:378).

Hoewel God die mens vir goeie werke – insluitende goeie werke op arbeidsgebied – wil beloon, het die mens geen reg op so 'n beloning soos wat 'n arbeider reg op sy loon het nie. God beloon goeie werke alleen uit genade (Heidelbergse Kategismus 24:62). Die beloning dra nie by tot sy verlossing nie.

Arbeid gaan nie verlossing vooruit nie, maar volg daarop. Bienert (1956:16) stel dit dat arbeid 'n dankbaarheidsantwoord op die mens se verlossing is. Wanneer arbeid verrig word uit dankbaarheid, is dit ook nie net op die mens self gerig nie, maar word dit 'n diens aan sy naaste.

7.9 Die werk van die Heilige Gees

Jesus Christus het met sy koms na die aarde met 'n herskeppingsproses begin. Ten spyte daarvan dat sy herskeppingswerk nog nie voltooi is nie, vind daar reeds verandering plaas. Die Heilige Gees openbaar die heiligheid wat Jesus Christus reeds verwerf het, nou reeds in gelowiges. Daarmee maak die Heilige Gees die toekoms van die herskepping nou alreeds 'n werklikheid (Coetzee, 1984:239).

Die Heilige Gees werk geloof in mense en daarmee saam ook 'n nuwe lewe (indikatief). Hierop volg die imperatief dat wie deur die werking van die Gees leef, se gedrag ook deur die Gees bepaal moet word (Gal. 5:25) (vgl. Coetzee, 1984:250, 251). Aan die gelowige kom die opdrag: "... leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper ... " (Kol. 3:10). Die gelowige word deur die werking van die Heilige Gees vernuwe om God se beeld te vertoon (Heidelbergse Kategismus 44:115). Aangesien die mens ook op arbeidsgebied na God se beeld geskape is, beteken dit dat die gelowige se vernuwing om God se beeld te vertoon ook 'n uitwerking op die mens se werk sal hê.

God doen sy vernuwingswerk in omgekeerde orde as sy skeppingswerk. Waar die aarde eers geskep is en die mens laaste, begin God om eers die mens na sy beeld te vernuwe en as vrug daarvan sal

die aarde, waaroor die mens as heerser aangestel is, ook vernuwe word (Van Dijk, 1985:157). Die implikasie hiervan is dat al is die Heilige Gees reeds besig om die mens te vernuwe om 'n nuwe lewe te lei, die mens tot met die wederkoms die gevolge van die sondeval op die arbeidsterrein sal ondervind.

Die vernuwende werk van die Heilige Gees blyk duidelik uit die optrede van die eerste lidmate in die gemeente van Jerusalem. Na die uitstorting van die Heilige Gees het van die gelowiges hulle eiendom en besittings verkoop en die opbrengs onder mede-gelowiges verdeel, volgens elkeen se behoefte (Hand. 2:45; 4:34, 35). Die rykes het op so 'n wyse voorsiening gemaak vir die armes, dat niemand honger of 'n gebrek aan die noodsaaklike gehad het nie (Witherington, 1998:207; Talbert, 2005:33-34). Die Heilige Gees het hulle gelei om die beginsels rakende die versorging van armes, wat reeds in die Ou Testament vasgelê is, na te kom.

Die gemeente van Jerusalem het waarskynlik later kroniese armoe-
de ondervind (Bruce, 1977:109). Toe is hulle bygestaan deur die gelowiges van Agaje en Masedonië (Rom. 15:26, 27). Laasgenoemde gelowiges het hulle materieel ondersteun, omdat hulle deel gekry het aan die geestelike rykdom (pneumatikoiç) van die Jode in Jerusalem. Die geestelike rykdom was die gevolg van die werk van die Heilige Gees (pneuma). Dit is die Heilige Gees wat die bereidheid by 'n mens werk om mede-gelowiges wat selfs baie ver is, te help.

Die Heilige Gees wat aan die gelowiges gegee is (1 Tess. 4:8), speel 'n deurslaggewende rol in heiligmaking. Wanneer Paulus enkele voorbeelde noem waarin hulle heiligmaking na vore moet kom (Van Houwelingen, 2005:123, 126-127), noem hy onder meer dat dit na vore moet kom deur self in hulle lewensonderhoud te voorsien (1 Tess. 4:11). Daar was klaarblyklik mense in die gemeente wat leeggelê het en van ander vir hulle lewensonderhoud afhanklik was. Hulle moes eerder hulle aandag by hulle werk bepaal, en hulle eie brood verdien (1 Tess. 3:12).

Die Heilige Gees speel 'n deurslaggewende rol in werksywer, omdat die Gees die mens 'n nuwe lewe laat lei. In Efesiërs 4 word verskille aangedui, tussen die ou lewe en die nuwe lewe van die gelowige wat volgens God se wil leef (Ef. 4:24). Waar die ou mens moontlik as dief gesteel het, moet hy as nuwe mens ophou steel en "deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien", sodat hy ook iets sal hê om vir die armes te gee (Ef. 4:28). Wie nie bereid is om so verander te word nie, bedroef die Heilige Gees (Ef. 4:30).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Heilige Gees mense se lewens so verander dat hulle ywerig in hulle onderhoud sal voorsien, sowel as in die behoeftes van diegene wat afhanklik is. Die Heilige Gees werk in gelowiges se lewens sodat hulle die beginsels wat reeds in die Ou-Testamentiese wette vasgelê is, nakom.

8. Beoordeling

Vanweë die beperkte fokus van hierdie artikel, word in die beoordeling van werkloosheid in Suid-Afrika gefokus op die gebrek aan geleenthede om aktiwiteite waarvoor werkers geldelike vergoeding ontvang, te verrig. Dit beteken nie dat aktiwiteite soos vryetydsbesteding of nadenke minder belangrik is nie.

Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die mens en die aarde waaruit hy gemaak is. God het die mens geskep met onder meer as doel dat die mens die aarde sal bewerk en van die vrug van sy arbeid kan leef. In sy werk vertoon die mens God se beeld en is hy gehoorsaam aan die skeppingsopdrag om oor die aarde te heers. Omdat God die mens opdrag gee om te werk, het hy ook 'n reg om te kan werk. Die Ou-Testamentiese wetgewing oor die Jubeljaar het onder meer aan mense werksgeleenthede verseker. Die beginsel onderliggend aan hierdie wetgewing (om te kan werk) is vandag steeds geldig, omdat werk aan die mens die geleentheid gee om God te dien, homself te onderhou en tot diens van sy naaste te wees. Dit gee aan 'n mens ook menswaardigheid en 'n plek en rol in die gemeenskap. Dit bind mense aan mekaar en bied 'n geleentheid vir kommunikasie en selfvervulling. Daarom is dit belangrik dat elke mens die geleentheid behoort te hê om te kan werk.

Dit is ironies dat die gehoorsame bewerking van die aarde dikwels tot werkloosheid lei. Werkloosheid kom veral voor in 'n arbeidsomgewing wat besig is om weg te beweeg van 'n bestaans ekonomie na 'n ekonomie van beroepsdifferensiasie, spesialisasie en meganisasie. Gehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag deur sommige werkers verhoed soms ook ander werkers om uitvoering aan dieselfde opdrag te gee. Dit gebeur tans in Suid-Afrika. Suid-Afrika is 'n land waar beroepsdiversifikasie, spesialisasie en meganisasie eers in die afgelope 200 jaar begin plaasvind het. Die proses is nog nie afgehandel nie, met die gevolg dat miljoene mense in Suid-Afrika nie werk het nie. Hoë werkloosheid lei ook daartoe dat werkers soms werk moet verrig waarin hulle bloot 'n taakomskrywing uitvoer, sonder om te vra na die sin van die werk en hoe dit sinvoller uitgevoer kan word. Hoewel die gevolge van die sondeval onafwendbaar is, beteken dit nie dat dit fatalisties aanvaar moet word nie.

Jesus Christus het met sy koms na die aarde 'n proses van herskepping begin. Hierdie proses is nog nie voltooi nie. Die gelowige leef egter reeds as 'n nuwe mens wat God se beeld ook in sy arbeid moet vertoon. In hierdie opsig speel die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol. Die Heilige Gees werk in die gelowige, sodat hy die wil sal hê om deur sy arbeid in sy eie (en sy afhanklikes se) behoeftes te voorsien (Ef. 4:28). Die Heilige Gees werk ook in gelowiges die begeerte om diegene wat nie in hulle eie behoeftes kan voorsien nie, te help (Hand. 2:43-47). In die lig van die werking van die Heilige Gees behoort gelowiges daarop ingestel te wees om diegene in nood te help, deur werksgeleenthede so ver moontlik te bewaar en waar moontlik meer werksgeleenthede te skep. Jesus Christus se herskeppingswerk is nog nie voltooi nie. Daarom moet daar soms moeilike keuses gemaak word in 'n poging om God se beeld op die arbeidsterrein te vertoon.

Een van die moeilike keuses om te maak, is die keuse tussen meer werksgeleenthede met minder vergoeding of minder werksgeleenthede met hoër vergoeding (vgl. Landman, 2003:12). In die lig van die skeppingsdoel van die mens (Gen. 1:26) wat die skepping (en die sondeval) voorafgegaan het, word geoordeel dat die arbeidsopdrag voorop staan. Die gehoorsame uitvoering van die arbeidsopdrag sou in al sy lewensbehoefte voorsien het. Die sondeval beïnvloed die uitvoering van die arbeidsopdrag én die vergoeding vir arbeid negatief. Gehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag bly egter primêr, omdat dit die bron van vergoeding en lewensonderhoud is. Vergoeding is nie moontlik sonder arbeid nie. Die negatiewe uitwerking van die sondeval op vergoeding behoort behandel te word wanneer die geleentheid om te werk, wel bestaan. Dit is teen hierdie agtergrond dat geoordeel word dat meer werksgeleenthede 'n prioriteit behoort te wees. Dit impliseer nie dat uitbuiting van werkers toegelaat kan word nie. 'n Werkgewer mag nie homself verryk deur 'n werksituasie ter wille van eie gewin uit te buit nie.

In die lig van bogenoemde is dit belangrik dat al die verskillende rolspelers wat 'n invloed het op die aantal werksgeleenthede in die land, sal poog om soveel moontlik werksgeleenthede daar te stel. Die proses van groeiende werkloosheid behoort so ver moontlik gestuit te word deur bestaande werksgeleenthede te beskerm.

Pogings deur die regering, die grootste werkgewer in die land, om oortollige werkers nie af te dank nie, maar na vakante poste te skuif, is lofwaardig. Vir elke gelowige werkgewer behoort dit 'n gewetensaak te wees om werksgeleenthede so ver moontlik te behou en nie sonder rede af te skaf nie. Werkgewers moet in die lig van die

Bybelse beginsels die noodsaak van tegnologiese vooruitgang voortdurend opweeg teen die werksverlies wat dit kan meebring – en die gepaardgaande verlies aan vergoeding van werklose mense in berekening bring.

Dit is die regering se taak om tot die beswil van sy onderdane te regeer. Dit geld ook vir die arbeidsterrein waar die owerheid só behoort te regeer dat die onderdane hulle godgegewe arbeidsopdrag kan nakom. Die regering dra dus 'n groot verantwoordelikheid om toe te sien dat arbeidswetgewing sover moontlik tot meer werksgeleenthede sal lei en nie tot verdere werkloosheid nie. Hoewel goed bedoelde arbeidswetgewing wat sedert 1994 ingestel is in 'n groot mate ten doel het om die vergoeding van werkers en werksomstandighede te verbeter, het dit tot baie werksverliese gelei. Die afskaffing van invoertariewe en globalisasie het tot verdere werkloosheid gelei. Werkloosheid is vererger deur die regering se doelbewuste keuse om nie 'n goedkoop arbeidsmark te hê nie (De Lange, 1998:3). Die regering het 'n moeilike taak om uiteenlopende doelwitte met mekaar te versoen, soos byvoorbeeld beter vergoeding en werksomstandighede, posisionering in die wêreld ekonomie en meer werksgeleenthede. Vanuit 'n teologiese hoek beskou, behoort die verskaffing van meer werksgeleenthede 'n basiese uitgangspunt te wees in die vasstelling van nuwe wetgewing en regulasies wat op arbeid betrekking het.

Vakbonde het ook 'n groot verantwoordelikheid in die beskerming en vermeerdering van werksgeleenthede. Vakbonde moet daarteen waak dat hulle eise en optrede nie daartoe lei dat finansiële voordele wat vir werkers beding word, op stuk van sake tot die permanente vermindering van werksgeleenthede lei nie. Vakbonde het tot dusver hulle stakingsmag hoofsaaklik gebruik om beter vergoeding vir lede te beding. Hierdie optrede het ook 'n rol in die vermindering van werksgeleenthede gespeel.

In die nastreef van genoeg werksgeleenthede sal verder gegaan moet word as net die beskerming van bestaande werksgeleenthede. Daar sal gepoog moet word om werksgeleenthede vir werklose mense sowel as nuwe toetreders tot die arbeidsmark te skep. Arbeidsintensiewe werksgeleenthede (bv. onderstandswerke) behoort waar moontlik, voorkeur bo gemeganiseerde arbeid te geniet (vgl. Milani, 2003:2).

'n Groot verpligting rus op elke werklose persoon en toekomstige werker. Die arbeidsopdrag is nie net 'n kollektiewe opdrag aan die mensdom nie. Dit is ook 'n persoonlike opdrag wat vir elke individu

geld. Daarom behoort werklose mense nooit in hulle situasie te berus nie, maar moet dit oorweeg om eerder laagbesoldigde of onbetaalde werk (bv. welsynswerk) te doen. Sodoende word God se arbeidsopdrag steeds gehoorsaam (Van Wyk, 1996:173). Aangesien die vraag na geskoolde arbeid toeneem terwyl die vraag na ongeskoolde arbeid afneem (Dasnois, 2000:1), behoort voornemende werkers (skoliere en studente) hulle so goed moontlik te bekwaam vir beroepe waar daar 'n tekort aan werkers is.

Pogings uit die privaatsektor om werkers wat hulle poste verloor het nuwe vaardighede aan te leer, is prysenswaardig. So ook is die inisiatiewe van vakbonde en die regering wat nuwe werksgeleenthede probeer skep. Hierdie inisiatiewe moet nie net gedagtes bly nie, maar daadwerklik tot uitvoer gebring word.

Hoewel al die verskillende rolspelers 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat meer werksgeleenthede geskep word, het gelowiges in die privaatsektor, regering en staatsdiens 'n besondere verantwoordelikheid in hierdie verband. Vir gelowiges is 'n werksgeleentheid méér as 'n oorlewingsmeganisme. 'n Werksgeleentheid stel iemand in staat om God en sy naaste deur sy arbeid te dien. Daarom behoort gelowiges daarop ingestel te wees om meer werksgeleenthede te skep.

Aangesien die herskepping nog nie voltooi is nie, is dit verstaanbaar dat werkers steeds vanweë onder meer werkloosheid sal ly. Die gelowige werklose kan weet dat, ten spyte van sy moeilike situasie, sy arbeid (of gebrek aan arbeid) nie sy verlossing voorafgaan nie. Sy heil verkry hy nie deur sy arbeid nie. Selfs al kan die werklose nie homself onderhou nie, behoort hy uit dankbaarheid vir sy verlossing steeds werksaam te probeer wees (bv. deur welsynwerk te doen). Hy kan dus ongeag sy werkloosheid vreugde ondervind wanneer hy tot God se eer besig is. Hy vertoon Christus se beeld, in afwagting van die voltooiing van die mens (werker) en die aarde (werkplek) se herskepping.

9. Samevatting

Werkloosheid is een van die grootste probleme op die Suid-Afrikaanse arbeidsterrein. Dit word veroorsaak deur verskillende uiteenlopende faktore. Omdat die mens na die altyd werkende God se beeld geskape is en die mens alleen uit die vrug van sy arbeid kan leef, het die mens 'n reg op 'n geleentheid om te kan werk. Deur sy werk dien die mens God en sy naaste.

Werkloosheid is deel van die lyding wat die mens as gevolg van die sondeval op arbeidsgebied ondervind. Werkloosheid behoort nie sonder meer aanvaar te word nie, omdat 'n positiewe ingesteldheid teenoor werk deel van die vernuwende werk van die Heilige Gees is. Alle rolspelers, in besonder gelowiges, wat betrokke is op die arbeidsterrein behoort dus werkloosheid te bestry deur werksverliese te probeer voorkom en nuwe werksgeleenthede te skep.

Geraadpleegde bronne

- AFROBAROMETER. 2006. The public agenda: change and stability in South African's ratings of national priorities. <http://idasa.org.za> Date of access: 25 Aug. 2007.
- AGRELL, G. 1976. Work, toil and sustenance. Verbum: Ohlssons.
- ANON. 2003. Wit mans oorheers steeds die hoofbestuursposte in die land. *Sake-Beeld*: 2, 2 Jul.
- ANON. 2005. Mynaandele toi-toi die rooi in op die JSE. *Sake-Beeld*: 27, 28 Jun.
- ANON. 2006. Sit 'n mielie in jou tenk. *Beeld*: 19, 14 Des.
- ANTONIDES, H. 1989. A Christian perspective on work and labour relations. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.
- AZZAKANI, R. 2007. Vakbonde sit agteroor, laat werk aan die regering oor. *Beeld*: 4, 2 Mei.
- BIENERT, W. 1956. Die Arbeit nach der Lehre der Bibel: ein Beitrag zur evangelischen Sozialethik. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.
- BOTTOMLEY, E.-J. 2007. Te min IKT-kundiges laat grotes uitreik. *Beeld*: 18, 3 Sept.
- BRUCE, F.F. 1977. The book of the Acts. London: Marshall, Morgan & Scott. (New London Commentaries.)
- CDE
see CENTRE FOR DEVELOPMENT AND ENTERPRISE
- CENTRE FOR DEVELOPMENT AND ENTERPRISE. 2007. The South African skills crises. *CDE Focus*: 12, June.
- COETZEE, J.C. 1984. Die Heilige Gees in die prediking van Paulus. (*In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament. Band 4. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 234-255.*)
- CRUSH, J., JEEVES, A. & YUDELMAN, D. 1991. South Africa's labor empire. Cape Town: David Philip.
- DASNOIS, A. 2000. Economic growth won't solve unemployment. *Personal finance*: 1, 2 Dec.
- DE BEER, E.J. 2006. Arbeid en vergoeding voor 1994. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 32(2):293-319.
- DE KLERK, F.W. 1999. F.W. de Klerk. Kaapstad: Human & Rousseau.
- DE LANGE, J. 1998. SA het gekies om nie goedkoop arbeidsmark te hê, sê Erwin. *Sake-Beeld*: 3, 16 Sept.
- DE LANGE, J. 1999. Vakbond wil 100 000 werkgeleenthede in 10 jr skep. *Sake-Beeld*: 1, 27 Jan.
- DE LANGE, J. 2003a. 'n Gebrek aan sensitiwiteit vir menseregte? *Sake-Beeld*: 8, 27 Okt.
- DE LANGE, J. 2003b. Harmony maak 'n plan om sy afgedankte werkers weer op te lei. *Beeld*: 2, 20 Mrt.

- DE LANGE, J. 2007. Meeste mense nóg in SA geskiedenis het werk. *Beeld*: 1, 31 Mrt.
- DE LANGE, L. 2000. Suid-Afrika het verlede jaar 420 000 werkloos bygekry. http://news.24.com/Afrikaans/Sake_Nuus/Ekonomie/AFR_246097_10094_11_SEO.asp Datum van gebruik: 16 Feb. 2000.
- DE QUÉRVAIN, A. 1956. Ruhe und Arbeit, Lohn und Eigentum. Zollikon-Zürich: Evangelischer Verlag.
- ERASMUS, E. 2001. Werkloosheidskoers in SA bly basies onveranderd. *Sake-Beeld*: 1, 26 Sept.
- FICK, N. 2005. Coping with stigma, discrimination and violence: sex workers talk about their experiences. <http://www.sweat.org.za/docs/coping.pdf> Date of access: 17 Sept. 2007.
- FRIIS, J. 2000. Vraag na sekere geskooldes in SA gaan toeneem, wys verslag. *Beeld*: 11, 12 Jan.
- GOUDZWAARD, B. 1980. Calvyn se etiek van die sosiaal-ekonomiese lewe. Potchefstroom: PU vir CHO. (Reeks: F1, Studiestuk 155.)
- GOUDZWAARD, B. 1993. Economic life: a confession. (*In* Venster op bestuursetiek: 'n uitdaging vir Christensakelui. Referate gelewer by 'n konferensie oor bestuursetiek op 28 Februarie 1990 in Johannesburg, gereël deur die IRS in samewerking met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die PU vir CHO. p. 102-114.)
- GOUDZWAARD, B. & DE LANGE, H. 1995. Beyond poverty and affluence. Grand Rapids: Eerdmans.
- GROENEWALD, A. 2007. HP gee IT-kennis as sy SEB-aandeel. *Beeld*: 2, 29 Aug.
- HASELBARTH, H. 1976. Christian ethics in the African context. Ibadan: Daystar Press.
- HAT
kyk ODENDAAL
- HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 2003. (*In* Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: NG Kerkuitgewers. p. 33-72.)
- HEINE, R. 1999. Unemployment cause of income inequality. *The Citizen*: 13, 20 Sept.
- HEYNS, J.A. 1986. Teologiese etiek. Deel 2/1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HLANGANI, M. 2000a. Anger over jobs. *Sowetan*: 1, 13 Apr.
- HLANGANI, M. 2000b. Boost for job creation. *Sowetan*: 5, 5 Apr.
- HLANGANI, M. 2002a. 500 000 jobs for highly skilled people available. *The Star*: 5, 21 May.
- HLANGANI, M. 2002b. Business has plan to create jobs for 1,1-million. *The Star*: 3, 22 May.
- HLANGANI, M. 2003. Minister guarantees public servants' jobs. *The Star*: 6, 3 Jul.
- JARA, M.K. 2000. Capitalists are responsible for joblessness. *The Citizen*: 12, 28 Apr.
- JOHANNES PAULUS II
see JOHN PAUL II
- JOHN PAUL II. 1981. Laborem Exercens. <http://www.newadvent.org/docs/jp021e.htm> Date of access: 16 Oct. 2003.

- KINGDON, G. & KNIGHT, J. 2005. Unemployment in South Africa, 1995-2003: causes, problems and policies. Oxford: Centre for the Study of African Economies. http://www.issar.org/1%20Kingdon_Knight.pdf Date of access: 17 Sept. 2007.
- KOK, L. 2004. Conops 'n realiteit ná NUM en Harmony ooreenkom. *Beeld*: 1, 19 Jul.
- KONING, W. 1986. Om de kwaliteit van werke in de toekomst. *Radix*, 12(1):56-83.
- KOOLE, J.L. 1964. De tien geboden. Baarn: Bosch & Keuning.
- KRUGEL, L. & KRUGER, J. 2006. Remuneration of chief executive officers: an overview of JSE listed companies. Pretoria: Solidarity Research Institute.
- LANDMAN, J.P. 2003. Die helse keuse om te moet maak. *Beeld*: 12, 17 Jun.
- LEHOHLA, P. 2005. Why we need to speak out about the misuse of data. http://www.statssa.gov.za/news_archive/20jan2005_1.asp Date of access: 7 Nov. 2006.
- LEO XIII. 1891. Rerum Novarum. <http://www.osjspm.org/cst/rn.htm> Date of access: 17 Oct. 2003.
- LESTRADJE-JEFFRIS, J. 1999. Stats SA revises its definition of unemployment rate. http://www.statssa.gov.za/statsnews/statsnews/stats_sa_rev.htm Date of access: 21 Jul. 1999.
- LEUVENNINK, J. 2006. R372 miljard gaan vloei vir teiken van 6% groei. *Beeld*: 14, 4 Feb.
- LEUVENNINK, J. 2007. Getal setas teen 2010 dalk veel minder. *Beeld*: 4, 24 Jul.
- MABASA, T. 2002. Union to tackle affirmative action. *The Citizen*: 1-2, 10 Dec.
- MANUEL, T. 1996. Address to the National Assembly. <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/1996/sp0614.html> Date of access: 31 Jan. 2001.
- MARAIS, R. 1990. Enkele politieke vraagstukke rakende swart arbeidsorganisasies. Johannesburg: RAU. (M.A.-verhandeling.)
- MARSHALL, P. 1991. Calling, work, rest. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.
- MARSHALL, P.A. 1995. Work. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H., ed. *New dictionary of Christians ethics and pastoral theology*. Leicester: InterVarsity. p. 899-901.)
- MBEKI, T. 2000. State of the nation address by President Mbeki. <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/2000/sp0204.html> Date of access: 28 Dec. 2001.
- MBEKI, T. 2001. State of the nation address of the president of South Africa, Thabo Mbeki, at the National Assembly chamber. <http://polity.org.za/govdocs/speeches/2001/sp0209.html> Date of access: 12 Jun. 2002.
- MDLADLANA, M. 2000. Working to create jobs. *Sowetan*: 11, 12 May.
- MILANI, C. 2003. Muscle power will create jobs that meet our needs. *Business report*: 2, 29 May.
- MISBACH, W. 2002. Race and sex equity is on track. *Sowetan*: 4, 24 May.
- MITTNER, M. 1997. Die groot loondebat kry koers. *Finansies en tegniek*: 42, 5 Des.
- MITTNER, M. 1999. SA betaal nou die prys. *Finansies en tegniek*: 34, 30 Jul.
- MLAMBO-NGCUKA, P. 2006. A catalyst for accelerated and shared growth – South Africa (ASGISA). <http://www.info.gov.za/speeches/briefings/asgisa/background.pdf> Date of access: 24 Aug. 2007.

- NATTRASS, J. 1977. The narrowing of wage differentials in South Africa. *The South African journal of economics*, 45(4):408-432.
- NAUDÉ, C. 1999. Nog regstel nodig. *Beeld*: 12, 2 Sept.
- NKOSI, M.Z. 1991. Nationalisation and privatisation: issues to be resolved. (In Naidoo, G., ed. *Reform and revolution: South Africa in the nineties*. Johannesburg: Skotaville. p. 103-116.)
- NORVAL, E.J.G. 1966. Arbeid: prinsipiële ondersoek van arbeid met 'n kritiese toespitsing op enkele aktuele hoofprobleme van die arbeidsetiek. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ph.D.-proefskrif.)
- NÜRNBERGER, K. 1991. Prospects of employment: scourge of unemployment. (In Cochrane, J.R. & West, G.O., eds. *The three-fold cord: theology, word and labour*. Hilton: Cluster. p. 28-65.)
- ODENDAAL, F. 1985. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- POTTINGER, B. 1988. *The imperial presidency*. Johannesburg: Southern Book.
- QOZA, S. 2003. Unemployment a national crises. *Sowetan*: 2, 26 Mar.
- RENDTORFF, T. 1981. *Ethik*. Band 2. Stuttgart: Kohlhammer.
- SCHOOMBEE, P. 1998. Gear: waarom dit nog nie werk nie. *Finansies en tegniek*: 22, 19 Jun.
- SCHÜSSLER, M. 2001. SA hushes up productivity feats. *Business report*: 5, 7 Feb.
- SCHUURMAN, D.J. 2001. Can a job be a calling in a sinful society? (In Botha, J., ed. *Work as calling and worship*. Wellington: Lux Verbi. p. 46-70.)
- SMITH, A. 2006. Werkskepping baan regering se prioriteitslys. http://www.news24.com/Sake?Promosie_Fokus/0,,6-1826_1882646,00.html Datum van gebruik: 24 Aug. 2007.
- SOUTH AFRICA. 1998. Skills Development Act, No.97 of 1998. <http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1998/act98-097.html> Date of access: 2 Jun. 2002.
- SSA
see STATISTICS SOUTH AFRICA
- STATISTICS SOUTH AFRICA. 2003. Labour force survey, September 2003. <http://www.statssa.gov.za/PublicationsHTML/P0210September2003/html/P0210September2003.html> Date of access: 3 Nov. 2006.
- STATISTICS SOUTH AFRICA. 2006a. Highest education by province. <http://www.statssa.gov.za/timeseriesdata/pxweb2006/Dialog/saveshow.aspx> Date of access: 13 Sept. 2007.
- STATISTICS SOUTH AFRICA. 2006b. Labour force survey, March 2006. <http://www.statssa.gov.za/keyindicators/LFS/LFS13PressStatement.pdf> Date of access: 3 Nov. 2006.
- STATISTICS SOUTH AFRICA. 2007. Labour force survey, September 2006. <http://www.statssa.gov.za/PublicationsHTML/P0210September2006/html/P0210September2006.html> Date of access: 25 Aug. 2007.
- STOKER, H.G. 1972. Arbeid – wysgerig benader. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap*, 31:43-60.
- STUART, B. & MALULEKE, J. 2003. White cops win jobs race case. *The Citizen*:1-2, 8 Mar.
- TALBERT, C.H. 2005. *Reading Acts*. Macon: Smyth & Helwys.
- THIELICKE, H. 1955. *Theologische Ethik*. Bd. 2/1. Tübingen: Mohr.

- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2000. Tot 10 000 leerkragte sal trekpas kry. *Beeld*: 2, 19 Apr.
- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2003. Gety moet nog vir die armes draai. *Beeld*: 10, 26 Feb.
- VAN DIJK, P. 1985. Op de grens van twee werelden: een onderzoek naar het ethische denken van de natuurwetenschapper C.J. Dippel. 's-Gravenhage: Boekencentrum.
- VAN HOUWELINGEN, P.H.R. 2005. Tessalonicenzen. Kampen: Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)
- VAN WYK, J.A. 1983. Opmerkings oor 'n Christelike etiek van die arbeid vir ons tyd. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 24(1):72-86.
- VAN WYK, J.A. 1988. 'n Christelike etiek van die arbeid. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- VAN WYK, J.H. 1996. Arbeidsetiek: 'n teologies-etiese benadering. *In die Skriflig*, 30(2):155-183.
- VAVI, Z. 2003. Buy proudly South African, save jobs. *Sowetan*: 12, 9 Dec.
- VELEMA, W.H. 1980. Bijbelse uitgangspunte van 'n Calvinistiese beroeps-etiek. Potchefstroom: PU vir CHO.
- VOLF, M. 1987. Arbeit und Charisma: zu einer Theologie der Arbeit. *Zeitschrift für Evangelische Ethik*, 31(4):411-433.
- WESTERMANN, C. 1984. עָרָו. (In Jenni, E. & Westermann, C., Hrsg. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München: Christliche Kaiser Verlag. S. 182-199.)
- WILSON, F. 1991. The church and uprooting poverty. (In Cochrane, J.R. & West, G.O., eds. The three-fold cord: theology, word and labour. Hilton: Cluster. p. 13-27.)
- WITHERINGTON, B. 1998. The Acts of the apostles. Grand Rapids: Eerdmans.

Kernbegrippe:

arbeid
werk
werkloosheid
werkverskaffing

Key concepts:

employment provision
labour
unemployment
work